


# Drie Scenario's vir die NG Kerk in 2030

Algemene Sinode 2019



# Wat is Scenario's?

Kort verhaale wat in 2030 afspeel ... dit beskryf moontlike alternatiewe uitkomst, afhange van hoe die kerk in die volgende dekade reageer op verwikkelinge in die konteks van Suid Afrika.




## Wat is die doel van Scenario's?

Die doel van scenario's is nie om voor te skryf hoe die toekoms van die kerk moet lyk nie, maar eerder om aan te dui dat dit moontlik so kan lyk.

'n ***toerustingstuk vir gesprekvoering*** oor keuses en opsies vir die kerk, eerder as 'n voorskriftelike plan.

# Scenario 1

Sprei jou vlerke, dis 2030



'n Opskrif in Die Burger lees, "*Prof. Hantie Plaatjie, algemene sekretaris van die NG Kerk, sê vrouebediening is die hoeksteun van 'n vernuwe evangelie van omgee*".


Dit is so berig na die NG Kerk deur die Staatspresident gedurende die Staatsrede bedank is vir die belangrike rol wat dit speel in die **herstel van plaaslike gemeenskappe**, en ondermeer die rol wat verskeie gemeentes speel in die **bevordering van versoening oor rasse-grense**.



In 2029 is die kerk **hervernoem** na die Nuwe Gemeenskapskerk van Suidelike Afrika (NG-SA)

Hierdie nuwe identiteit en uitgangspunt is oor 'n dekade deur die kerk ontwikkel as deel van die omvattende **herstrukturering van die sinode-stelsel**. 'n Besluit is geneem deur die algemene sinode 2019 om radikale vernuwing in die kerk te bewerkstellig.

Volgens dié besluit sou die kerk telkens nie suiwer volgens streek verdeel word nie, maar die institusionele raamwerk van die kerk sal voortaan as 'n "**gemeenskap van gemeenskappe**" verstaan word.




Die kerk moes hierdie herformulering inderhaas ontwikkel, om ruimte te skep vir die **diversiteit van bedieningstyle en teologiese oortuigings** wat kort na die draai van die eeu in die kerk posgevat het.

Alhoewel daar **ongemaklikheid in sommige geledere** was oor die oënskynlike afwatering van die kerk se teologie, het die oorhoofse meerderheid van gemeentes ingestem om kerkeenheid te beskerm deur ruimte te maak vir 'n verskeidenheid van perspektiewe, binne 'n algemene gemeenskap van verhoudinge.



In 2025 het 'n groep invloedryke leraars 'n geskiedkundige deurbraak in die teologiese oriëntering van die kerk bewerkstellig, toe daar gedurende 'n interkerklike gebedsbyeenkoms op die gronde van die Paardekraal monument, besluit is dat 'n **nuwe teologie vir 'n nuwe era**, gegrond in liefde, genade en aanvaarding, vertolk moet word.


So sou daar vanuit 'n vars lewenstroom van teologie, 'n **vernuwende leierskapsvorming filosofie** ontwikkel word, wat die klem van die kerk op sorg en onselfsugtige spiritualiteit plaas, eerder as om skrifgebondenheid te beklemtoon.






Toe 'n groep van gemeenteleiers uit die platteland hierdie inisiatief teenstaan, op grond van 'n egte besorgdheid oor die kerk se *verlies aan lojaliteit aan die solas van die Reformasie*, is daar besin dat 'n **nuwe belydenis geskryf sal moet word, wat deur die drukgang van skrifkorrektheid sal moet gaan.**

'n Hoogtepunt op die kerk se kalender in 2030 is die **jaarlikse musiekfees** waarvolgens kore vanuit verskeie taal gemeenskappe, genooi word om deel te neem aan die skryf en opvoering van *waardegebaseerde musiek* tot lof van die Here.




So het die kerk haar noemenswaardige nasionale netwerk, in diens gestel van 'n gees van ***uitreik deur aanbidding***, en in die proses bande gesmee tussen voorheen-vervreemde gemeenskappe in dorpe en voorstede landswyd.

2025 was die eerste jaar gewees wat die opname van die NG-SA se, "**Lof van Liefde**" Suid Afrika se grootse verkoper in beide die kategorie Afrikaanse asook *Gospel* sou wees.




Tydens 'n ekumeniese samekoms gehou by die Desmond Tutu Sentrum vir Spiritualiteit aan die Universiteit van die Belhar, het Prof. Plaatje in 'n onderhoud aan die Kerkbode gesê,

***"die moedergemeente op Stellenbosch staan vandag as simbool van hoe die transformerende liefde van Christus oor grense van verdeeldheid kan vloei, en die wonde van die verlede kan gesond maak."***



# Scenario 2

Staan op, staan alleen, dis 2030




Die Fakulteit Teologie en Godsdiens aan die Universiteit van die Mangaung sal voortaan bekend staan as die **Fakulteit Kultuur en Geloofstelses.**

Die aankondiging is gemaak deur Prof. Thembi Mathlangu, die nuwe akademiese voorsitter vir die de-koloniale studie van antropologie, aan die universiteit.



Groot verwarring het in 2026 geheers toe die minister van hoër onderwys met 'n beleid vorendag gekom het waarvolgens publieke universiteite grotendeels daarop gefokus sou word om **tradisionele kulture te bevorder.**

Ds. Van Aswegen, voormalige moderator van die sinode van die Vrystaat, het beweer dat dit maar net die begin van 'n beweging onder politici is om publieke befondsing verder van blankes te weerhou.



Terwyl dit spanning in die geledere van die susterskerke veroorsaak het, het die *Federation of South African Traditional and Tribal Custodians* (FATTC), 'n nuwe inter-geloof liggaam, in 'n persverklaring gesê,

***“ons verwelkom hierdie stap deur die minister... dit sal uiteindelik die tradisionele geloofstelsels van ons mense op gelyke voet plaas met die westerse teologie wat van buite op ons af geforseer is.”***



By die NG Kerk se algemene sinode in 2029, is daar besluit dat die opleiding van kerkleiers in die toekoms deur middel van twee kanale sou plaasvind. Naamlik, dat **teologiese opleiding deur middel van sogenaamde *virtual of aanlyn opleiding***, in vennootskap met gereformeerde netwerke in die buiteland sal plaasvind.

Verder sal praktiese teologiese opleiding suiwer deur **internskappe en in-diens-opleiding plaasvind**. So sou die kerk voortaan beide teologiese diepte asook praktiese vernuf onder jong leiers bewerkstellig.



Daar was gevolglik groot opwinding toe dit besluit is, dat **swart en bruin leiers**, wie reeds jare in posisies van verantwoordelikheid staan, maar nie voorheen die voordeel van formele teologiese opleiding kon geniet nie, op die wyse bevorder sou word tot volwaardige leraars.

Dit het veral die kerk tot nuwe passie verkwik in terme van die **roeping van die kerk op die Afrika kontinent.**




In 2030 het 'n groep met die naam, “Aksie vir Gedenking”, opspraak gemaak toe dit die **verkoop van die kerkgeboue** op Wellington, Dundee, Brits en Ermelo wou teenstaan op grond daarvan dat die geboue as monumente verklaar moet word. Dit was nadat verskeie geboue geplunder of gesloop is na die verkoop daarvan. Die inisiatief het telkens nie geslaag nie.

Die NG Kerk van 2030 is aansienlik kleiner as 'n dekade terug, en word as 'n kompakte gemeenskap van getroue mense beskryf.


# Scenario 3

*Staan vas tot 2030*




Nuusflits, 11 Desember 2030: “***Die godvresende mense van Suid Afrika sal nie terugstaan in die aangesig van nasionale verval nie.***” So het Dr. Willie Human, voormalige NG Kerk dominee en nuwe rektor van **Afrikaanse Gereformeerde** Universiteit aan die geselsprogram *Aktueel* gesê.

Dit is nadat die instansie ‘n nuwe reeks studie opsies bekend gestel het, wat fokus op die ontwikkeling van ***etiese leierskap vir plaaslike en publieke bestuur.***



Dié inisiatief is deur Afriforum in samewerking met 'n koalisie van kerke op die been gebring, nadat die regering in 2027 'n hofsaak in die grondwet hof verloor het, in verband met die **saamsmelting van verskeie provinsies.**

Die beleid, geskoei daarop om plaaslike regering landswyd te vereenvoudig en te verbeter, is gekritiseer deur opposisie partye as 'n agenda om die nasionale verkiesing in 2028 vir die ANC te verseker.



Plaaslike gemeenskapsleiers in veral Limpopo, die Noordwes en Noord Kaap, asook kerkleiers in die gebiede, het teenstand gebied teen die idee, en beklemtoon dat die vermindering van provinsies, die **vryheid van gemeenskappe tot self-beskikking**, sal beperk.

Alhoewel die NG Kerk self betrokkeheid by die saak vermy het, is daar na aanleiding daarvan deur amptenare van die kerk besluit om **verligting te help bring aan die onderliggende probleme soos werkloosheid en armoede** wat menigte gemeenskappe laat swaarkry.



Hierdie besluit was in voeling met die oorweldigende ondersteuning vir 'n "missionale spiritualiteit" in die kerk. 'n Nuwe passie vir uitreik is byvoorbeeld onder jongmense in die kerk beleef toe die *Nasionale Aksie vir Barmhartigheid en Ontwikkeling (NA-BO)* vanuit 'n vrywillige jeug aksie ontstaan het.



‘n Jong Ds. Juanita van Staden aan die Universiteit van Tshwane, wie se skripsie benoem is, *Na ‘n Praktiese Teologie in ‘n Post-Kapitalistiese Eeu*, het gevind dat daar ‘n noemenswaardige skuif onder Christen-sakeleiers aan die gang is.


Volgens haar studie is dit bevind dat “**betekenisvolle verandering aan mense se omgewing**” vandag as “‘n vorm van opbrengs op kapitaal en vernuf beskou word”.





So 'n skuif is ook duidelik sigbaar binne die kerk, deur byvoorbeeld 'n beweging onder boere en sakeleiers, wat na verwys word as, “*Bou Sy Nasie, Bou Sy Kerk*”, waardeur daar in verskeie sektore sogenaamde *sosiale-entrepreneurskap* beoefen word.


As gevolg van hierdie beweging, word verskeie NG Kerk geboue weekliks beskikbaar gestel aan projekteleiers vanuit die gemeenskap, wie bedieninge onder weeskinders, skoolverlaters en ander behoeftiges bestuur.



Dr. Willie Human skryf in die Rapport,

So ontdek die kerk 'n nuwe rol as 'n netwerk van gemeenskapsentrums waar Christus as hoeksteen tot sosiale ontwikkeling dien.

***“daar is nie 'n kortpad na vrede en voorspoed nie... volharding en moue oprol lê as grondslag vir 'n waardige toekomsvisie.”***



## Scenario 1

### Sprei jou

### vlerke

- hervernoem, jaarlikse musiekfees
  - herstruktureer sinode-stelsel in gemeenskap van gemeenskappe om diversiteit van bedieningstyle en teologiese oortuigings
  - fokus op plaaslike gemeenskappe, bevordering van versoening oor rasse-grense.
  - nuwe teologie vir 'n nuwe era, nuwe belydenis - ongemaklikheid, drukgang van skrifkorrektheid
- 

## Scenario 2

### Staan op,

### staan

### alleen

- teologiese opleiding deur middel van aanlyn opleiding, vennootskap met gereformeerde netwerke in die buiteland, asook internskappe en in-diens-opleiding
  - swart en bruin leiers word bemagtig, en roeping van die kerk op die Afrika kontinent is 'n fokus.
  - teenstand tov die verkoop van kerkgeboue
- 

## Scenario 3

### Staan vas

- etiese leierskap vir plaaslike en publieke bestuur.
- verligting te help bring aan die onderliggende probleme soos werkloosheid en armoede
- Nasionale aksie vir barmhartigheid en ontwikkeling, onder jong mense en sakeleiers in die kerk.
- volharding en moue oprol